


# Kersengele en sterre

LIZETTE BOTHA-STEYN
**Bibliotekaris, Vanrhynsdorp Openbare Biblioteek**

Met Kersfees om die draai plaas ons vroegtydig 'n paar inspirerende wenke om hierdie spesiale tyd van die jaar te vier sodat oorwerkte personeel genoeg tyd het om Kersuitstallings ook nog in hulle besige werkskedule in te pas.

Raak dié Kersfees kreatief met engele en sterre.

**Die volgende word benodig:**

- ★ karton en geskenkpapier of handgemaakte papier
- ★ gekleurde vere (te koop by handwerk- en naaldwerkwinkels)
- ★ goldilocks potskuurders (goud of silwer)
- ★ pompons, sterre, knope, krale, pypskoonmakers en ander (vir versiering)
- ★ glasomlyner (goud of silwer) of viltpenne
- ★ sosatiestokkies
- ★ gom, byvoorbeeld, Pritt
- ★ Bostik clear of warm gomgeweer (glue gun).

**Maak van engele en sterre**

- ★ Trek patroon van engel en sterre op karton na en knip uit. Vir elke stel moet twee engele en vier sterre uitgeknip word.
- ★ Plak die sterre en engele (slegs rokgedeelte) met geskenk- of handgemaakte papier (aan die een kant). Pritt kan hiervoor gebruik word.
- ★ Plak vere vir vlerke aan agterkant van een engel.
- ★ Plak dan die twee dele van die engel aan mekaar vas, met die sosatiestokkie in die middel onder. 'n Sterker gom is hiervoor nodig. Gebruik Bostik Clear of 'n warm gomgeweer.
- ★ Plak ook die sterre aan mekaar vas met die sosatiestokkie in die middel onder.
- ★ Plak goldilocks vir hare aan beide kante van die kop van die engel vas.
- ★ Teken gesig en hande met glasomlyner aan beide kante. 'n Viltpen kan ook gebruik word.
- ★ Versier rokkie van engel asook sterre aan beide kante met pompons, pypskoonmakers, sterre, krale, knope of versiering van eie keuse.

Aangesien die engel en sterre aan beide kante van die sosatiestokkies geplak is, kan dit op enige plek in die biblioteek vir 'n uitstalling gebruik word, byvoorbeeld, op 'n tafel, kabinet of eilandrakke.

Elke stel bestaande uit een engel en twee sterre kan in 'n potplanthouer (met grond gevul) gesteek word. Die grond kan bo-op bedek word met klippies en mos.

'n Alternatief (sien foto) is leë jogurthouers versier en met sand gevul om die engeltjies en sterre in te druk.

Vir navrae kan Lizette gekontak word by (027) 219-1190.



